# SARS Verbind tot Verbeterde en Vinniger Inkomste-invordering in 2025/26

**Tshwane, 21 Mei 2025** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) erken die befondsing-uitdagings wat die land in die gesig staar. Ons is standvastig in ons toegewydheid om die nasie met integriteit en doeltreffendheid te dien. SARS speel 'n lewensbelangrike rol in die invordering van inkomstes wat die lewering van publieke dienste ondersteun. Ons aanvaar die verantwoordelikheid om die 2025/26-inkomsteskatting, soos voorgelê deur die minister van finansies, Enoch Godongwana, te behaal.

Die minister het met sy begrotingsrede vandag die 2025/26-finansiële jaar se inkomsteskatting as R1.986 triljoen aangekondig. Hierdie inkomsteskatting kom teen die agtergrond van SARS se finale ongeouditeerde inkomste-uitslag vir 2024/25 wat R1.86 triljoen is, R8.9 miljard meer as die hersiene skatting.

**2025 Begrotingoorsig**

Sleutelskuiwe in die globale ekonomiese veronderstellings moet ingedagte gehou word, wat 'n afwaartse hersiening deur die Internasionale Monetêre Fonds beleef het, soos die globale ekonomiese groei-vooruitsig van 3.3% na 2.8%. Die globale hersiening het 'n direkte uitwerking op die plaaslike ekonomiese veronderstellings vir 2025/26 wat op laer nominale bruto binnelandse produk (BBP) dui, asook die verbruikersprysinflasie (VPI) teen die Maart 2025-begroting.

Nominale BBP vir 2025/26 is afwaarts hersien tot R7.87 triljoen (+6.3% j/j) van die aangeduide R8.00 triljoen (+7.0% j/j) in die 2025-begroting en R8.02 triljoen (+6.5%) in die 2024-mediumtermynbegrotingbeleidsrede (MTBBR). In werklikheid word voorspel dat die ekonomie met 1.5% in 2025/26 sal groei, af van 1.9% en 1.6% in die 2025-begroting en die 2024-MTBBR afsonderlik. Die afwaartse hersiening weerspieël 'n swak vooruitsig vir hoofhandelvennote en lae potensiële groei te midde van toenemende handelspanninge, finansiële markaanpassings en 'n hoogsonvoorspelbare omgewing. Daarby is die vooruitsig weerspielend van

voortslepende binnelandse ekonomiese strukturele kwessies, soos geïntegreerde logistieke netwerkbeperkings.

Gegewe die huidige moeilike binnelandse en globable ekonomiese toestande, is die R1.986 triljoen-inkomsteskatting 'n uitdagende skatting. Die skatting wat deur die minister aangekondig is, plaas die verantwoordelikheid op SARS om inkomste-verhoginginisiatiewe te bewerkstellig. Skuldinvordering is een so 'n inisiatief, dus sal SARS spesifiek werk met die invordering van alle skuld bespoedig, met vernaamde fokus op ongedisputeerde skuld. SARS erken Suid-Afrika se ekonomiese moeilikhede en die uitwerking wat dit op die algehele bedrag ingevorderde skuld sal hê.

Die mandaat van SARS is geanker in inkomste-invordering, nakomingversterking en die fasilitering van regmatige handel. Onontbeerlik, omsluit dit ontleding van die ekonomiese prestering en hoe sodanige prestasie belasting- en doeane-inkomste-invorderings sal beïnvloed. Deur die pligsgetroue inwerkingstelling van hulle nakomingprogram, is SARS gereed om alle inkomste wat aan die fiskus verskuldig is in te vorder.

Met die inwerkingstelling van die nakomingprogram, neem SARS die uitgangspunt aan dat belastingpligtiges eerlik is en gehelp wil word om hul wetlike verpligtinge na te kom. Om dit te bereik, verskaf SARS helderheid en sekerheid aan belastingpligtiges om hulle verpligtinge na te kom en om dit maklik en moeiteloos vir hulle te maak om met die organisasie sake te doen.  Waar nodig, dwing SARS wetlike verpligtinge op verantwoordelike wyse af.

Fiskale burgerskap en ons land se soewereiniteit om ons lotsbestemming te bepaal, vereis dat ons werk jeens die mobilisering van plaaslike hulpbronne om ons prioriteite te befonds. SARS se wetlike mandaat stel die regering in staat om noodsaaklike dienste te befonds. Hierdie dienste onderhou die kwesbaarstes onder ons, help kinders deur skool, betaal pensioene, betaal kindertoelae uit en demp die skok van werkloosheid.

Onderwyl SARS strewe om wetlike helderheid te verskaf, handhaaf hulle die regte van belastingpligtiges om sodanige regte in die wet ook uit te oefen. Hierdie regte sluit inter alia in om te vra dat betalings uitgestel of in paaiemente betaal kan word, of om die skuld te disputeer. Onteenseglik, sal die pad vorentoe uitdagend wees onderwyl ons belastingpligtiges aanmoedig om hul uitstaande skuld en opgawes vrywillig te vereffen. SARS moedig belastingpligtiges aan om met ons saam te werk om uitstaande skuld te vereffen. Ons verseker ook dat dié belastingpligtiges wat nakomend is dat ons alle wetlike instrumente sal gebruik om die belastinglas regverdig te verdeel deur nienakoming aan te spreek.

In die 2024/25 finansiële jaar, het SARS 'n hardnekkige hoë werkloosheidkoers help mitigeer deur meer as 800 nuwe werknemers aan te stel om skuld te help invorder. Hierdie werk het met 'n telefoonoproep begin en, waar nodig, die toepas van wetlike instrumente ingesluit op belastingpligtiges wat die organisasie skuld. Hierdie inligting is gegrond op insigte van derdepartybronne.

SARS het waardevolle lesse uit die 2024/25-skuldinvordingveldtog geneem. Hierdie pogings moet 'n minimum invordering van R20 miljard tot gevolg hê.
Om die hersiene inkomsteskatting hierdie jaar te behaal, beplan SARS om:

- Gevorderde data-ontleding en kunsmatige intelligensie te verfyn en te gebruik om belastingnakomingrisiko's op te spoor, die belastinggaping toe te maak en algehele nakomingkoerse te verbeter. Uitgebreide derdepartydatabronne, soos bank- en salarisrolinligting, te integreer, sodat die stelsel al hoe meer belastingaanslae kan outomatiseer en meer doeltreffend onderverklaarde inkomste kan identifiseer en sodoende pogings te versterk om belastingontduiking te bekamp.
- Die onwettige ekonomie te bestry, veral in hoë-inkomste-sektore soos tabak, alkohol en brandstof. Deur versterkte wetstoepassing teen smokkelary, nagemaakte goedere en swartmarktransaksies, beoog SARS om aansienlike inkomsteverliese te herwin en toekomstige nienakoming binne hierdie sektore of die informele ekonomie te ontmoedig.
- Die belastingbasis te verbreed deur individue en besighede, wat voorheen buite die formele belastingstelsel bedrywig was, sistematies te identifiseer en te registreer. Die sektore in die informele ekonomie wat moeilik is om te belas te

teiken, veral klein ondernemings en selfstandige individue, sal verhoogde inkomste-mobilisering ondersteun en help om staatmaking op 'n smal belastingbasis te verminder.

- Die belastinggaping toe te maak deur in gevorderde vaardighede en stelsels te belê.

SARS Kommissaris Edward Kieswetter het gesê: *"Die verhoogde hersiene inkomsteskatting beteken dat SARS meer moet doen om 'n beter lewe vir alle Suid-Afrikaners te bewerkstellig. Onbetwisbaar, speel SARS 'n transformerende en katalitiese rol in die befondsing van nagenoeg 90% van die regering se besteding, wat noodsaaklik is vir die lewering van toelaes aan bejaardes, gesondheiddienste en die voorsiening van maatskaplike dienste, waarsonder baie van ons mede-burgers nooddruftig sal wees. Dit is die verantwoordelikheid wat ons met nederigheid onderneem en sal strewe om te bereik".*

*"My opregte dank gaan uit na die nakomende belastingpligtiges en handelaars wat hulle rol deurlopend vervul met die bou van ons land, Ndza khenza. Aan alle SARS-werknemers, julle harde werk en deursettingsvermoë skyn helder. Die belastinginkomste wat julle invorder is die lewenslyn wat die regering in staat stel om 'n bekwame staat te bou. Ek salueer julle!"* het hy afgesluit.

Vir meer inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.